NUUSBRIEF 9 VAN 2026 *12 MAART 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*

### Groete aan al die Rynie huisgesinne!



**Koben Hofmeyer** het Maandag die skool besoek en het tydens saalopening sy boodskap en storie van dankbaarheid met die Rynies gedeel.

Koben het op 19 Mei 2018 sy nek gebreek in 'n rugbywedstryd toe hy 15 jaar oud was.



Dit was 'n voorreg vir die Rynies om Koben te ontmoet en een en almal was geinspireer deur sy positiewe boodskap!





Graag deel ons met u die volgende stukkie van Helena Smith:




My ouers was nie welaf nie. Toe my ouers oorlede is, het ek, as enigste kind, baie min geld en besittings geërf. Ek het egter ’n skatryk nalatenskap van my ouers ontvang: hulle het altyd liefde en omgee vir ander uitgeleef, hulle het die Here blindelings vertrou en vir my ’n daadgeloof met die Here gedemonstreer.

As ons die woord erfporsie hoor, dink ons aan materiële dinge soos eiendom, juwele en geld. As ons egter daaraan dink uit ’n Christelike perspektief, is dit veel dieper. Dan gaan dit nie oor wat ons vir ons kinders nagelaat het nie, maar wat ons in hul lewens nagelaat het.

In Spreuke 22:6 lees ons: “Leer ’n kind vroeg hoe om te leef en hy sal tot sy oudag nog reg leef.” Hierdie opvoeding gebeur nie in formele lesse Sondae by die kinderkerk nie. Dit gebeur in die daaglikse lewe, om die etenstafel, tydens gebede voor slaaptyd, in die manier hoe ons met mekaar praat en ook in die manier hoe ons optree as dinge nie volgens plan verloop nie. Ons bly die kinders se primêre dissipelmakers. Dit is iets wat ons nie kan uitkontrakteer nie.

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Ouers en grootouers is die eerste voorbeeld wat kinders sien van hoe geloof uitgeleef word. Hulle moet sien dat ons ons wend tot gebed in plaas van paniek, dat ons vergifnis kies bo verbittering en dat ons ons hoop op Jesus vestig. Só leer hulle lesse wat ’n mens in geen handboek kry nie.

Een van die grootste geskenke wat ons vir ons kinders kan nalaat, is ’n erfenis van liefde wat die hart van God weerspieël.

Grootouers, julle speel ook ’n belangrike rol in julle kleinkinders se lewens. Julle gebede, aanmoediging en stille voorbeeld van standvastige geloof maak ’n diep indruk op julle kleinkinders.

Deesdae werk mense so hard om ’n gemaklike aftrede te verseker en om hulle kinders ’n finansiële hupstoot te gee deur ’n erfporsie. Op die ou end is die nalatenskap wat regtig tel, die ewige, onverganklike een. Dit word gereeld deur ouers vergeet. In Josua 24:15 lees ons: “Wat my en my gesin betref, ons het ons keuse klaar gemaak, ons gaan die Here dien.” As ons ons kinders en kleinkinders in woord en daad na die Here lei, belê ons in iets wat hierdie lewe oorleef en in die ewigheid voortduur. So leer ons ons kinders om vir hulle hemelse skatte bymekaar te maak.

*Geskryf deur Helena Smith*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## WISKUNDE OLIMPADE:

Baie geluk aan die volgende leerders wat ná afloop van die interne wiskunde olimpiade gekies is om Laerskool Rynfield eersdaags by die dorpsolimpiade te verteenwoordig:



**GRAAD 4:**
Kemuel Fensham
Wihann van der Westhuizen



**GRAAD 5:**
Nathan Viljoen
Nadia Myburgh



**GRAAD 6:**
Lea Klingenberg
Cohen Herholdt



**GRAAD 7:**
Luther du Randt
Nico van der Westhuizen

# KLEUTERSKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## RYNIES GEE OM:






## KOSKAS:

Ons bedank elke gesin wat bydra tot die verryking van ander se lewens. Ons benodig asb steeds die volgende items:

- Koeldrank
- Toiletpapier
- Melk
- Skottelgoedseep






# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## NETBAL:










## TENNIS:



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## CHEERLEADING:

Ons spanne het Saterdag, 7 Maart aan hul eerste kompetisie deelgeneem.
Uitslae soos volg:




### POMS:

1. Rynie Shining Diamonds
2. Empire Dance Studio 1
3. Randhart
4. Tygerpoort
5. Empire Dance Studio 2
6. Rynie Diamond Sparks




### CHEERLEADING:

1. Rynie Diamond Riot
2. Tygies




### MINI’S:

1. Empire Bolts
2. Rynie Diamond Darlings




Ons is trots op julle!

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



NUUSBRIEF 9 VAN 2026 *12 MAART 2026*

# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

## KASKARRE:




Kaskardag is om die draai!
Die opwinding bou op vir een van die hoogtepunte op ons skoolkalender – Kaskardag! 'n Dag vol spoed, geesdrif en groot pret wag vir ons almal. 🚗💨
Ons moedig elke leerder aan om hul borgvorms entoesiasties te voltooi en deel te wees van hierdie spesiale dag.
Elke bydrae maak 'n verskil en help ons om saam ons doel te bereik!



🎉 **Wat kan jy wen?**
🎁 Gelukkige trekking
Elke leerder wat hul borgvorm met R300 ingee, word outomaties ingeskryf vir 'n gelukkige trekking waar 'n fantastiese prys gewen kan word! Vir elke R300 kry jy 1 inskrywing vir die gelukkige trekking.
🥤🍿 Beloning vir jou moeite
**Vir elke R300 wat 'n leerder insamel, wag daar 'n Coke en 'n heerlike popcorn by die snoepie as beloning.**
✨ Hoe meer jy insamel, hoe groter die beloning!
Kom ons wys wat Rynies kan doen – kry jou borgvorm vol en maak gereed vir 'n onvergeetlike Kaskardag!

NUUSBRIEF 9 VAN 2026 *12 MAART 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## REDENAARS:

Ons 2026 Afrikaans Interne Redenaars het op 'n hoë noot afgesluit. Dankie aan ons 105 sprekers wat braaf genoeg was om dit op die verhoog te waag. Ons is so trots en weet julle gaan nog die wêreld aan die brand praat.

Ons TOP 6 redenaars van elke graad word deur die skool ingeskryf vir Interskole, maar die res van ons redenaars word aangemoedig om steeds op ander platforms deel te neem.

Die graad 4 en 5's het Maandag deelgeneem en ons is so trots op ons sprekers.

## GRAAD 4:



1ste Emily Raysdorff
2de Wihann van der Westhuizen
3de Cate van Loggerenberg

## GRAAD 5:

1ste Milea du Plessis
2de Nathan Viljoen
3de Nadia Myburgh



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

Ons Graad 1 en 2 maats het hul sê kom sê Woensdag

**GRAAD 1:**

1ste Joey Meyer

2de Luan van der Nest

3de Jean-Luc Green





**GRAAD 2:**

1ste Jan-Hendrik van Zyl

2de Luca Willemse

3de Miané Greyvenstein

**SPANREDENAARS:**

Sluitingsdatum vir Interskole inskrywings ALLE STREKE: 13 April 2026. Ouers word herinner om asb alle spanlede se name vir Juf. Coffey te stuur (harde kopie asb) sowel as die toesprake vir goedkeuring. Laaste dag vir inhandiging is Dinsdag 24 Maart.

**PUBLIC SPEAKING:**

Alle Engelse toesprake moet asb. by Juf. Coffey ingehandig word vir goedkeuring. Ons het besluit om die afsnydatum bietjie aan te skuif om meer maats te motiveer om aan die afdeling deel te neem. Die nuwe datum is Vrydag 17 April. Die interne deelname datums sal dus ook geskuif word na Mei. Hou asb 'n oog op die nuwe Kwartaalprogram.

**Debat:** Ons beplan 'n Saterdag werkswinkel vir ons debat-maats, datum sal deurgegee word na bevestiging van ConSpirito.

*Kultuurgroete, Juf. Coffey*



NUUSBRIEF 9 VAN 2026

*12 MAART 2026*

# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

**Finansies:** State word eersdaags uitgestuur. Hou asseblief u rekening op datum.

**Kleredrag:** Ons is nou amptelik in herfs en die temperature is reeds besig om te daal met koeler weer wat ons die afgelope week ervaar het. Maak asseblief seker u kind/ers het warm klere in vir die koeler middae.

**Kleretrollie:** Die kleretrollie word Dinsdag, 17 Maart leeggemaak.

**Etes:** Ons doen weereens ‘n beroep op leerders wat nie tydens etenstyd kan kom eet nie (a.g.v. buitemuurse aktiwiteite), om seker te maak naskoolpersoneel is bewus daarvan. Leerders móét asseblief daagliks aanmeld vóór sport en sorg dat personeel hul name afmerk op die lys. Indien leerders nie vooraf aanmeld nie, word hulle as afwesig beskou.

## SPYSKAART: NASKOOL

| DAG | ETE | 15:30 - 16:00 |
|---|---|---|
| Maandag, 16 Maart | Tunarolletjies met slaai | Vrug & Sap |
| Dinsdag, 17 Maart | “Russians & chips” | Vrug & Sap |
| Woensdag, 18 Maart | ”Chicken-a-la-king” | Vrug & Sap |
| Donderdag, 19 Maart | Maalvleis & kapokaartappels | Vrug & Sap |
| Vrydag, 20 Maart | “Hotdogs” | Vrug & Sap |

# SNOEPIE

LAERSKOOL RYNFIELD

## SPYSKAART: SNOEPIE

| DAG | ETE |
|---|---|
| Maandag, 16 Maart | Wraps |
| Dinsdag, 17 Maart | Hotdogs |
| Woensdag, 18 Maart | Smileys + hoenderpops + chips |
| Donderdag, 19 Maart | Toasted chicken mayo |
| Vrydag, 20 Maart | Combo @R50: Pizza slice, Coke & sjokolade |



# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD





## W JANSE VAN RENSBURG
## SKOOLHOOF

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD









# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

